

SARS IN LOONDISPUUT MET GEORGANISEERDE ARBEID

Pretoria, 23 Maart 2019 - Die nasionale onderwys-, gesondheids- en verwante werkersunie (Nehawu) en vereniging vir staatsamptenare (PSA) het 'n sewe dag kennisgewing aan SARS oorhandig om te staak vanaf 28 Maart 2019. Dit volg na 'n dispuut wat deur georganiseerde arbeid by die CCMA aanhangig gemaak is in Februarie 2019. Die CCMA het op Dinsdag 19 Maart 2019 'n sertifikaat van nie-oplossing uitgereik. SARS geniet 'n goeie verhouding met georganiseerde arbeid gebaseer op die beginsel van 'n hoër doel wat alle SARS werknemers voorstaan.

Die huidige drie jaar loonooreenkoms wat SARS met georganiseerde arbeid het, verval op 31 Maart 2019. Gevolglik het SARS en georganiseerde arbeid, verteenwoordig deur die twee erkende vakbonde, Nehawu en PSA, die huidige rondte onderhandelinge in November 2018 begin. Die onderhandelinge het in November 2018 begin met 'n vooraf-bedinging wat deur die CCMA gefasiliteer is. Die vooraf-bedingingskonferensie het die partye gehelp om hulle te verbind tot bedinging te goeder trou, en optrede wat spreek tot deursigtigheid, eerlikheid, vertroue en 'n spoedige oplossing van die onderhandelinge. Met die eerste amptelike sitting van die onderhandelende partye, het die voorsitter van SARS se nasionale onderhandelingsforum, Mnr. Mahmood Fadal, die onderhandelingsraamwerk en reëls van skakeling ter tafel gelê vir die partye om aan te neem.

Georganiseerde arbeid het op 20 November hul gesamentlike lys van 26 vereistes ter tafel gelê. Die vereistes het 'n 15% algemene salarisverhoging op totale pakket ingesluit, plus 25 ander vereistes. SARS-bestuur het klaarheid versoek aangaande sodanige eise om die koste-implikasies en moontlikheid daarvan te verstaan. Die onderhandelinge het voortgesleep gedurende Desember 2018, en Januarie, Februarie en Maart 2019.

Gedurende die verloop van die onderhandelinge, is ses vereistes teruggetrek, nege is verwys na taakspanne tussen bestuur en georganiseerde arbeid wat moes ondersoek instel en verdere besprekings hou na die loonskikking; en ooreenstemming is bereik oor drie van die eise. Die sleutel vereistes wat steeds die onderwerp van onderhandelinge is, is die algemene salarisverhoging van 11.4%, die tydperk van die loonooreenkoms,

salarisvooruitgang, bepalinge oor gesinsverantwoordelikeheidsverlof en voorgeboortelike verlof, langdienstoekenings en geskenke met uitgang.

Gegewe die huidige ekonomiese omstandighede, is SARS in 'n baie beperkte fiskale posisie. In die gees van openlikheid en deursigtigheid, het SARS ingestem om 'n taakspan saam te stel om na SARS se finansies te kyk. Verskeie vergaderings is gehou waar georganiseerde arbeid en SARS-bestuur na moontlikhede vir kostebesparing gesoek het om die finansiële posisie van SARS vorentoe te verbeter. Sommige van die voorstelle van die taakspan sal in die komende finansiële jaar ingestel word.

As gevolg van die beperkte finansiële posisie, het SARS met 'n aanbod van 4% salarisverhoging begin, vir 'n drie jaar loonooreenkoms, gekoppel aan verbruikersprysindeks. Georganiseerde arbeid het hulle salarisvereiste aangepas van 15% tot die huidige 11.4% algemene verhoging vir 'n enkele termyn. SARS het hulle aanbod aangepas van 4% tot die huidige 7% gedifferensieerde verhoging.

Toe die partye na die CCMA is op 8 Maart, het georganiseerde arbeid op 11.4% plus die oorblywende vereistes gesit. SARS het na 6% beweeg. Die kommissaris van die CCMA het 'n kommissarisvoorstel ter tafel gelê vir 'n skikking van 8% algemene verhoging vir 'n enkeltermyn. Hy het partye gevra om mandate van hulle hoofde te versoek en na die CCMA terug te keer op 13 Maart 2019. Gegewe die finansiële situasie waarin SARS is, was SARS in staat om na 7% gedifferensieerde verhoging te beweeg, met 'n toegewing oor voorgeboortelike verlof en ooreenkoms oor langdienstoekenings. Die gesinsverantwoordelikeheidsverlof is uitgestel na 'n toekomstige bespreking sodra die impak vasgestel is.

Georganiseerde arbeid het die CCMA se kommissarisvoorstel van die hand gewys en besluit om nie af te sien van hulle 11.4% algemene verhoging nie en het aangedring op al die ander uitstaande vereistes behalwe die langdienstoekenings en geskenke met uitgang waar daar reeds ooreenkoms bereik is. Na verdere mediasie deur die CCMA kommissaris, het georganiseerde arbeid 'n 9% verhoging as skikking aangebied. SARS kon nie hiertoe instem nie en het meer tyd nodig gehad om met sy hoofde te konsulteer. 'n Vergadering is geskeduleer vir Maandag 25 Maart vir die partye om 'n middelweg te probeer vind oor die oorblywende kwessies.

SARS is vol vertroue dat Maandag en Dinsdag se samesprekings, wat deur die voorsitter van SARS se nasionale bedingingsforum gereël is, resultate sal lewer en dat 'n skikking bereik sal word. SARS word deur 'n toelaag gefundeer soos alle ander staatsdepartemente. As gevolg van die krimpende inkomste en groeiende skuldvlakke, het die drie jaar skatting van nasionale besteding (ENE) deur Nasionale Tesourie leisels in hand gehad met staatsbesteding die afgelope drie jaar. SARS se loonskikking moet binne die volgende drie jaar se ENE-raamwerk val.

SARS glo dat georganiseerde arbeid se eis vir 11.4% verhoging buite die bereik van die huidige ekonomiese klimaat is, waar CPI op 4.1% staan sedert Februarie 2019. SARS se aanbod van 7% is 2.9 persentasiepunte bo CPI (d.i. 71% bo die Februarie CPI). SARS het 'n goeie waarde-aanbod vir indienshouding vir sy werknemers en is die afgelope paar jaar as 'n voorlopende werkgewerhandelsmerk beskou. SARS is hoopvol om 'n ooreenkoms te bereik en dat 'n staking vermy sal word. Beide SARS en sy werknemers bly verbind tot 'n hoër doelwit van invordering van alle inkomste aan die staat verskuldig en die fasilitering van wettige handeldryf in en om Suid-Afrika se grense.

Die 2018/19 inkomste invordering eindig op 31 Maart 2019. In die gees van Thuma Mina, maak SARS 'n beroep op alle belastingpligtiges en handelaars om hulle belastingverpligtinge na te kom voor 31 Maart 2019. Terwyl ons die sesde verkiesing van 'n demokratiese Suid-Afrika, 'n traag ekonomie en 'n kragkrisis in die gesig staar, maak Suid-Afrika se stabiliteit en soewereiniteit staat op 'n stabiele fiskus. SARS bedank al die belastingpligtiges wat reeds hulle belastingverpligtinge nagekom het.